

# Dinsdag 24 Augustus

Skrifgedeelte: Job 32-33

Fokusgedeelte: Job 33:8-13

## Vertrou op die Here tydens die “waaroms” van die lewe!

In Job 32 en 33 staan ons by 'n spreekwoordelike kruispad – waarheen nou?! Die drie vriende (Elifas, Bildad en Sofar) van Job het baie vrae gevra na die waarom en die oorsprong van Job se lyding. Hulle het vas geglo dat rampe en siekte 'n direkte gevolg is op sonde (Job 8:11). Job het orals in hulle gesprekke hulle teorieë afgewys dat lyding nie altyd 'n straf op die sonde is nie. Daardeur het hy hulle tot swye gebring. Waarheen nou?! Elihu tree toe op die voorgrond (32:18). Die Here stuur nog iemand ('n tipe wegbereider) om die lig van God se Woord oor die “waaroms” te laat skyn (32:2)! Hy begin in hierdie hoofstukke enkele dinge te herhaal wat Job gesê het. Hy kom tot die gevolgtrekking van twee kernsake in sy gesprek met Job: (a) dat Job homself onskuldig verklaar ten koste van God se geregtigheid (33:9), en (b) dat Job ten onregte vir God beskuldig het van die onregverdige vyandskap en stilswye (33:10-11).

Elihu wys aan Job dat dit nie vir hom gaan oor sy lewe voor die rampe nie, maar juis oor sy woorde *ná* die rampe. Vir Elihu gaan dit nie oor Job wat vashou aan sy onskuld nie, maar dat Job sy onskuld op 'n bepaalde wyse voorhou en verdedig. Elihu praat juis op só besondere manier met Job, vanweë die feit dat Job in sy redenering (worsteling) met God durf twis (33:13). Bedoelende dat hy deur die “vashou” aan sy eie onskuld God beskuldig het van vyandige bedoelings (33:10). Dit het Elihu in Job se woorde afgekeur.

Tereg! Net soos Job se vriende hom aangekla het, so het Job van sy kant God aangekla (deur homself te verdedig). Daarop wys Elihu vir Job direk op die waarskuwing van hoogmoed (33:17), juis omdat Elihu besef dat Job sy goeie saak (Job 1 en 2) nie altyd goed verdedig nie.

Nou is die vraag, wat wil die Here deur Elihu vir Job sê? Die Here het deur lyding sy redding in die oog! Dit is juis waartoe al ons lyding heenwys. Ons lyding moet gesien word in die lig van die lyding van Jesus Christus! Die Goeie Nuus! Die Blye Boodskap! Die ware kruispad in en deur ons Here Jesus Christus! Job se vriende het bly “hamer” en gesê “lyding is straf op die sonde”. Hierop sê Elihu: “lyding is loutering.” Daarin sien ons die Goddelike rede waarom Christus die lyding moes ondergaan, sodat ons lyding nie sal volstaan by die waaroms (en daarby vashaak) nie, maar dat ons sal uitkom by die waartoe van lyding! NIE 'n bewys van God se straf NIE, maar 'n bewys van sy liefde! Loutering en tugtiging is in die oë van die Here nie dinge wat téén mekaar werk nie! Dit is kragtens Christus se lyding 'n geloofstoets!

*Daarom gee ons nie moed op nie; al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig (2 Kor. 4:16-18).*

God roep ons deur die geloof op in hierdie gedeelte om nie vanuit ons aardse oë te probeer verstaan nie. Ons wysheid lê nie in “ons” nie! Die wysheid is geopenbaar in Jesus Christus! Leef vanuit Christus se genade!

*Sing: 100-1:1-4*

*Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)*